# GRONDWET

## VAN

## AGRI ..............................

## (LANDBOUVERENIGING)

1. **NAAM**
Die organisasie sal bekend staan as AGRI ....................................... (“LANDBOUVERENIGING”).

2. **DOELSTELLING**
Die VERENIGING het die volgende doelstellings, naamlik -

2.1 om as openbare weldaadsorganisasie, soos bedoel in Artikel 30 van die Inkomstebelastingwet, No 58 van 1962 ("die Inkomstebelastingwet“), onderhewig aan enige daaropvolgende wysigings van die betrokke Wetgewing, die volgende openbare weldaadsaktiwiteite, soos bedoel in artikel 30 van die Inkomstebelastingwet te beoefen:

2.1.1 Die beskerming en bevordering van alle belange van plaaslike landbouers.

2.1.2 Die verspreiding van noodsaaklike boerdery kennis onder landbouers deur middel van lesings, demonstrasies, landbou dae, ens.

2.1.3 Die bevordering van ordelike bemarking van landbouers se produkte en die verkryging van regverdige pryse.

2.1.4 Die bevordering van samewerking met die landbou besighede wat die lede van die VERENIGING bedien.

2.1.5 Die nastrewing van samewerking met alle organisasies wat by Agri NW geaffilieer is en om te affilieer as grondvlak struktuur met Agri NW, met betaling van volle ledegeld soos jaarliks bepaal, ten einde ‘n hegte landbou-organisasie daar te stel.

2.1.6 Om in ooreenstemming met die Grondwet van Agri NW in eie geledere verteenwoordigers te verkies om in Agri NW se Spesialiteitskomitees te dien.

2.1.7 Die onderskrywing van die Grondwet van Agri NW en om die doelstellings daarin vervat te bevorder.

2.1.8 Die ontwikkeling van die landboubedryf, die optimale benutting van die omgewing en natuurlike hulpbronne insluitend die ontwikkeling van verbeterde produksiemetodes.

2.1.9 Die verrigting van enige ander funksies wat na oordeel van ‘n ledevergadering in belang van die lede of die landboubedryf is, volgens voorwaardes soos deur die lede goedgekeur, met dien verstande dat so ‘n funksie nie bots met die Grondwet van Agri NW nie.

2.2 Om skenkings, bydraes, bemakings en dergelike begunstigings te aanvaar en aan te wend ter bevordering van die doelstellings soos bedoel in 2.1, onderhewig daaraan -

2.2.1 dat geen gedeelte van die VERENIGING se inkomste of eiendom hoegenaamd, regstreeks of onregstreeks, by wyse van dividend, bonus of andersins hoe dan ook, aan enigiemand anders, met inbegrip van enige lid, oorgemaak of betaal word nie: Met dien verstande dat niks hierin bepaal, verhoed dat die VERENIGING ter goedertrou redelike besoldiging aan enige beampte, werknemer of lid van die VERENIGING betaal ter vergoeding van dienste wat sodanige persoon inderdaad

aan die VERENIGING gelewer het nie, welke vergoeding in die algemeen as redelik geag word in die sektor en met betrekking tot die diens gelewer;

2.2.2 dat die fondse van die VERENIGING behoudens enige ander bepalings van hierdie grondwet, uitsluitlik vir die doelstellings in 2.1 bedoel, aangewend word;

2.2.3 dat geen fondse aan enige persoon uitgekeer sal word nie, behalwe in die loop van die beoefening van enige van die aktiwiteite soos bedoel in 2.1 hierbo;

2.2.4 dat alle skenkings wat aan die VERENIGING gemaak word, onherroeplik en onvoorwaardelik moet wees;

2.2.5 dat die fondse van die VERENIGING slegs binne die Republiek van Suid-Afrika aangewend mag word;

2.3 om as 'n organisasie sonder winsoogmerk ingevolge die bepalings van die Wet op Organisasies Sonder Winsoogmerk, Wet No 71 van 1997 ("die Wet op Organisasies Sonder Winsoogmerk"), te registreer.

**3. STATUS**

3.1 Die VERENIGING sal -

3.1.1 in eie reg bestaan, onafhanklik van sy lede.

3.1.2 steeds bly voortbestaan, desnieteenstaande enige verandering in lede of amps-draers.

3.2 Die Bestuur soos gedefinieer in paragraaf 6 sal geregtig wees om -

3.2.1 enige komitee, insluitende die uitvoerende komitee, bestuurder of agent vir die bestuur van enige sake van die VERENIGING aan te stel of aan te wys;

3.2.2 enige persoon as lede van sodanige komitee aan te stel, of om as bestuurder of agent op te tree, met die voorbehoud dat in die geval van die aanstelling van 'n komitee, minstens een van die lede daarvan 'n lid van die VERENIGING is;

3.2.3 die vergoeding ingeslote, redelike en werklike onkoste van sodanige persoon, indien enige, vas te stel;

3.2.4 enige magte, bevoegdhede of diskresie (met die bevoegdheid om dit verder te delegeer), van die lede aan enige komitee, bestuurder of agent te delegeer; en

3.2.5 enige komitee of persoon aldus aangestel te ontbind, te verwyder of af te dank, en is bevoeg om die gedelegeerde magte en bevoegdhede van tyd tot tyd na goeddunke uit te brei, in te kort of op te skort, onderhewig aan die voorwaardes en bepalings wat die Bestuur goeddunk.

3.3 Behoudens die bepalings van 3.1 en 3.2, en sonder om die algemeenheid daarvan te beperk, het die Bestuur die volgende bykomende magte en bevoegdhede:

3.3.1 Om geld te leen.

3.3.2 Om die betaling van geldlenings op enige wyse te sekureer, insluitende die ver-

hipotekering en verpanding van goed, onderhewig daaraan dat hierdie bevoegdheid slegs uitgeoefen mag word in oorstemming met die hoofdoelstellings van die VERENIGING.

3.3.3 Daardie gedeelte van die fondse wat nie aangewend word soos bedoel in 2.1 nie, slegs te belê by een of meer finansiële instellings, soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Finansiële Instellings (Beskerming van Fondse), 2001, in aandele wat op 'n gelisensieerde effektebeurs soos in die Wet op Finansiële Markte, No 19 van 2012 omskryf, genoteer is of in daardie ander finansiële instrumente wat die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens vooraf mag goedkeur.

3.3.4 Om rekenings by banke te open en aan te wend uitsluitlik vir die VERENIGING se werksaamhede.

3.3.5 Om promesses, wissels en enige ander soort van verhandelbare of oordraagbare dokumente te maak, te trek, uit te reik, te verly, te aksepteer, te endosseer en te verdiskonteer.

3.3.6 Om vrywarings, waarborge en borgstellings aan te gaan en betaling daarkragtens op enige wyse te sekureer, onderhewig daaraan dat hierdie bevoegdheid slegs uitgeoefen mag word in ooreenstemming met die hoofdoelstellings van die VERENIGING.

3.3.7 Om werknemers, konsultante en adviseurs aan te stel en af te dank.

3.3.8 Om persone te vergoed vir die dienste aan die VERENIGING gelewer, onderhewig daaraan dat die vergoeding in ooreenstemming moet wees met die dienste wat gelewer word, en redelik geag word in die sektor en met betrekking tot die dienste gelewer.

3.3.9 Om geïnde bedrae of eiendom wat in *natura* ontvang word, oor te dra, onderhewig aan die doelstellings van die VERENIGING aan openbare weldaadsorganisasies soos bedoel in artikel 30 van die Inkomstebelastingwet, wat ook vrygestel is van inkomstebelasting ingevolge artikel 10(1)(cN) van die Inkomstebelastingwet.

3.3.10 Om slegs onherroeplike skenkings of bydrae te werf, te aanvaar en te ontvang.

3.3.11 Om nuusblaaie, tydskrifte, kennisgewings, omsendbriewe en elektroniese publikasies vir die bevordering van die doelstellings van die VERENIGING uit te gee en te versprei.

3.3.12 Om regsgedinge aanhangig te maak, te bestry en tot finaliteit te voer, en om vir daardie doel, regsverteenwoordigers aan te stel en te vergoed.

3.3.13 Om enige deel van sy goed en bates te bestuur, te verseker, te verkoop, te verhuur, met verband te beswaar, te vervreem, in ruil te gee, te bewerk, voordele te benut of op 'n ander wyse daarmee te handel.

3.3.14 Om ampsdraers en werknemers skadeloos te stel ten opsigte van enige leed, skade of aanspreeklikheid deur hulle in die loop van hul diens opgedoen.

3.3.15 Om geskille aan arbitrasie te onderwerp en deel te neem aan arbitrasieverrigtinge.

3.3.16 Om transport van onroerende eiendom te gee en te neem en om vir daardie doeleindes volmag te verleen.

3.3.17 Om alles te doen wat nodig mag wees om aan bogenoemde doelstellings en bevoegdhede uitvoering te gee: Onderhewig daaraan dat -

3.3.17.1 die VERENIGING geen inkomste sal genereer uit besigheidsaktiwiteite of handelsaktiwiteite, behalwe in dié mate wat sodanige besigheidsaktiwiteite of handelsaktiwiteite toegelaat word ingevolge die bepalings van Artikel 30 van die Inkomstebelastingwet; en

3.3.17.2 die VERENIGING nie enige transaksies mag aangaan of sake mag doen wat van 'n spekulerende aard is nie.

3.4 Die VERENIGING sal 'n volledige rekord hou van alle bates en laste.

3.5 Geen ampsdraer of lid sal geregtig wees op enige inkomste of bates van die VERENIGING, uitsluitlik weens die feit dat hul lede van die VERENIGING is nie, met dien verstande dat -

3.5.1 'n ampsdraer of lid geregtig sal wees op redelike en billike vergoeding vir dienste verrig vir die VERENIGING, soos bedoel in 3.3.8; en

3.5.2 'n ampsdraer of 'n lid geregtig sal wees op vergoeding vir uitgawes wat hy/sy namens die VERENIGING aangegaan het, in die bevordering van die doelstellings van die VERENIGING.

3.6. Die VERENIGING sal onder geen omstandighede enige van die VERENIGING se hulpbronne gebruik om enige politieke party, direk of indirek, te ondersteun, teen te staan of te bevorder nie.

## 4. LIDMAATSKAP

### 4.1 Algemeen

4.1.1.1 Lidmaatskap van Agri NW verteenwoordig deur die VERENIGING as grondvlak struktuur van Agri NW sal oop wees vir elke landbouer, rustend of aktief, hetsy eienaar, huurder, bywoner of plaasbestuurder, vennootskappe, beslote korporasies, trusts en maatskappye wat sake doen as boerdery-organisasie.

4.1.1.2 Aansoeke van regsentiteite moet met ‘n resolusie van die spesifieke entiteit vergesel word wat aandui watter individuele persoon as amptelike verteenwoordiger gemagtig word en wat namens die spesifieke entiteit op die ledelys in sy/haar persoonlike hoedanigheid as verteenwoordigende lid verklaar sal word.

4.1.1.3 Enige voornemende lid moet op ‘n algemene vergadering voorgestel en aangeneem word met ‘n meerderheid stem (50 plus 1) en met dien verstande verder dat die VERENIGING lidmaatskap sonder verstrekking van redes van die voornemende Lid, kan weier.

4.1.2 Indien enige voornemende Lid se aansoek om lidmaatskap ingevolge 4.1.1.3 geweier is, moet dit deur die VERENIGING met ‘n opgawe van redes aan Agri NW gerapporteer word en Agri NW kan dan die aangeleentheid na goeddunke hanteer.

4.1.3 Elke persoon wat 'n lid van die VERENIGING word, moet 'n vorm, vir die doel verskaf, voltooi, waarin hy sy benoeming as lid ingevolge hierdie Grondwet aanvaar, en verder onderneem om die geldelike verpligtinge in hierdie Grondwet uiteengesit, te aanvaar en ook na te kom in geval van likwidasie van die VERENIGING.

4.1.4 Die VERENIGING is nie gebonde om sertifikate van lidmaatskap uit te reik nie.

4.1.5 Die VERENIGING hou 'n ledelys by op die wyse en op die plekke soos deur Agri NW bepaal.

4.1.6 Die lidmaatskap van 'n lid van die VERENIGING is nie oordraagbaar nie en die regte daaruit voortspruitend is nie sedeerbaar nie.

4.1.7 Die benoeming van erelede sal geskied deur die lede en sodanige benoemings moet deur ‘n algemene ledevergadering bekragtig word.

4.1.8 Enige lid wat aan die einde van die boekjaar van Agri NW nog nie sy ledegeld by Agri NW betaal het nie, sal nie meer deel in enige voorregte as lid van die VERENIGING nie, sal nie op vergaderings stemgeregtig wees of tot die Bestuur verkiesbaar wees nie.

**4.2 Lidmaatskapgelde**

Elke lid van die VERENIGING sal ‘n jaarlikse heffing aan Agri ..................................... betaal soos deur die Bestuur, van tyd tot tyd bepaal, en sal jaarliks verpligte ledegelde aan Agri NW betaal, soos van tyd tot tyd deur die Algemene Raad van Agri NW bepaal word.

**4.3 Beëindiging van lidmaatskap**

'n Persoon hou op om lid van die VERENIGING te wees -

4.3.1 indien hy skriftelik sy bedanking as lid by die VERENIGING indien;

4.3.2 indien die lid deur 'n bevoegde hof as geestesongesteld verklaar word of onbevoeg verklaar word om sy eie sake te behartig of indien hy uit hoofde van enige wet aangehou word as 'n pasiënt in 'n inrigting of as 'n Presidentspasiënt; of

4.3.3 indien hy te sterwe kom;

4.3.4 indien hy deur die Bestuur aangemaan is om optrede, wat volgens die mening van die Bestuur in stryd met of nadelig vir die belange of doelstellings van die VERENIGING is, te staak en hy versuim om sodanige optrede te staak, onderhewig daaraan dat ‘n vergadering van die lede van die VERENIGING ten gunste van die beëindiging van sy lidmaatskap stem deur middel van meerderheidstem van ten minste twee-derdes van die aanwesige lede by die vergadering;

4.3.6 indien sy ledegeld by Agri NW vir twee jaar of meer agterstallig is en die Vereniging die nodige stappe geneem het om die lid van sodanige agterstalligheid in te lig en hom/haar ’n redelike geleentheid gebied het om die agterstallige bedrag te betaal en die lid steeds versuim het om die agterstallige bedrag te betaal.

4.3.7 indien die persoon ophou om ’n lid van Agri NW te wees, om welke rede ook al.

## 5. VOORREGTE EN VERPLIGTINGE VAN LEDE

Onderhewig aan die vereiste dat 'n lid sy ledegeld betaal het, beskik hy oor die volgende regte en verpligtinge:

5.1 Om die reëls van die VERENIGING na te kom.

5.2 Om die belange van die VERENIGING te beskerm en sy doelstellings te bevorder.

5.3 Om op vergaderings sake voor te lê, aan besprekings deel te neem, voorstelle te maak, te sekondeer en daaroor te stem.

5.4 Om tot die bestuur of enige ander komitee of as afgevaardigde verkies te word of te stem vir enige voorgestelde persoon.

5.5 Om sake rakende die belange en doelstellings van die VERENIGING op 'n lede-vergadering te bespreek.

5.6 Enige lid kan bedank deur skriftelik kennis aan die sekretaris te gee.

## 6. BESTUUR

6.1 'n Bestuur, bestaande uit nie minder nie as ............ (..........................) lede en welke lede die ampsdraers van die VERENIGING sal wees, is verantwoordelik vir die bestuur.

6.2 Indien daar te eniger tyd 'n vakature in die Bestuur ontstaan, om welke rede ook al, stel die volgende ledevergadering by wyse van 'n meerderheidsbesluit, vervangende lede vir die Bestuur aan.

6.3 Indien daar te eniger tyd minder as 3 (drie) Bestuurslede is en daar geen ander persoon is wat ingevolge die bepalings van hierdie grondwet, en spesifiek 6.2, aangestel word as bestuurslid nie, moet die Bestuur binne 60 (sestig) dae na die ontstaan van die vakature, 'n bykomende lid aanwys.

6.4 Indien die enigste lede van die Bestuur bedoel in 6.3 versuim of nie in staat is om aldus 'n bykomende lid aan te wys nie, kan die Dagbestuur van Agri NW 'n vergadering van belanghebbende persone (wat Agri NW bepaal) belê, en benoem daardie vergadering by wyse van 'n meerderheidsbesluit 'n lid.

6.5 Indien omstandighede sou bestaan dat daar geen dienende lid van die Bestuur in lewe is nie, word 3 (drie) persone soos aangewys deur Agri NW die vervangende lede, tot tyd en wyl 'n nuwe bestuur ingevolge die bepalings van hierdie grondwet verkies kan word.

6.6 'n Ampsdraer, met inbegrip van 'n voorsitter en onder-voorsitter, sal sy posisie beklee vir 1 (een) jaar, met dien verstande dat die ampsdraer herverkies mag word tydens die Algemene Jaarvergadering.

6.7 Die lede van die Bestuur word verkies deur die lede van die VERENIGING op die Algemene Jaarvergadering en die Bestuur sal ten minste uit die volgende ampsdraers bestaan:

6.7.1 Voorsitter.

6.7.2 Onder-voorsitter.

6.7.3 Tesourier en sekretaris of sekretaresse (wat nie noodwendig ‘n lid hoef te wees nie).

6.7.4 Vier addisionele lede.

6.8 Die Bestuur sal verantwoordelik wees vir die dag tot dag bestuur van die VERENIGING.

6.9 **Pligte van Ampsdraers**

6.9.1 **Voorsitter**

Die voorsitter, as hoof van die VERENIGING, sal op al hul vergaderings dien as voorsitter, en moet:

6.9.1.1 Toesien dat alle lede die reëls en riglyne van hierdie Grondwet nakom.

6.9.1.2 Toesien dat alle vergaderings ordelik sal geskied.

6.9.1.3 Die notules van vergaderings onderteken word nadat alle lede toegestem het tot die korrektheid daarvan.

6.9.1.4 Kontrole hou oor alle inkomste en uitgawes van die VERENIGING.

6.9.1.5 In die algemeen toesig hou oor die VERENIGING se verrigtinge.

6.9.1.6 Alle pligte uitvoer wat verwag word van die voorsitter van die VERENIGING.

6.9.1.7 Toesien dat vergaderings gereeld plaasvind, soos uiteengesit in 9, 10, 11 en 12.

6.9.1.8 Indien nodig, enige lid versoek om sekere pligte te verrig.

6.9.1.9 Toesien dat die algemene jaarverslag saamgestel word.

6.9.2 **Onder-voorsitter**

6.9.2.1 Die onder-voorsitter verrig alle funksies van die voorsitter in sy afwesigheid.

6.9.2.2 Indien beide die voorsitter en die onder-voorsitter nie 'n vergadering kan bywoon nie, verkies die aanwesige lede 'n voorsitter vir die vergadering.

6.9.2.3 In die afwesigheid van die tesourier verrig die onder-voorsitter die funksies vermeld in 6.9.3.1 tot 6.9.3.5 en 8.4.

6.9.3 **Die Tesourier/Sekretaris/Sekretaresse**

Die tesourier/sekretaris/sekretaresse moet -

6.9.3.1 volledige rekords hou van alle inkomste, uitgawes en bates van die VERENIGING;

6.9.3.2 volledige lys van name en kontakbesonderhede van alle lede en donateurs hou;

6.9.3.3 alle rekeninge van die VERENIGING betaal;

6.9.3.4 alle ledegelde en, waar nodig, gelde verskuldig aan Agri NW van die lede

invorder en oorbetaal.

6.9.3.5 jaarliks finansiële state voorberei vir voorlegging aan die algemene jaarvergadering;

6.9.3.6 moet alle administrasie van die VERENIGING behartig;

6.9.3.7 volledige notules hou van alle vergaderings;

6.9.3.8 alle korrespondensie van die VERENIGING hanteer;

6.9.3.9 kennis gee van alle vergaderings aan lede;

6.9.3.10 Agri NW skriftelik in kennis stel van enige verandering van die lede van die Bestuur en enige inligting wat volgens die oordeel van die voorsitter van belang vir Agri NW mag wees; en

6.9.3.11 enige ander take verrig, indien van tyd tot tyd daartoe versoek.

6.9.3.12 Indien die sekretaris/sekretaresse nie ‘n lid van die vereniging is nie, het hy/sy nie stemreg op enige vergadering nie maar kan wel aan besprekings deelneem.

## 7. ADMINISTRASIE VAN DIE VERENIGING DEUR DIE BESTUUR

7.1 Onderhewig aan die nakoming van die bepalings en voorwaardes van hierdie grondwet, volg die Bestuur in die administrasie van die VERENIGING sodanige prosedures en doen sodanige administratiewe stappe as wat hulle van tyd tot tyd nodig en raadsaam ag.

7.2 Alle kontrakte, aktes, betalingsdokument en ander dokumente wat namens die VERENIGING geteken of verly moet word, word deur 2 (twee) persone van die Bestuur, soos in klousule 6.1 hierbo bedoel, onderteken.

## 8. FINANSIES

8.1 Die Bestuur mag van tyd tot tyd 'n Geoktrooieerde Rekenmeester (SA) of enige persoon wat kragtens die bepalings van die Wet op Beslote Korporasies, 1984 (soos gewysig) geregtig is om op te tree as rekeningkundige beampte van 'n beslote korporasie (in hierdie konstitusie na verwys as "die rekenmeester van die VERENIGING"), aanstel om as rekenmeester van die VERENIGING op te tree.

8.2 Die boekjaar van die VERENIGING eindig op die laaste dag van Julie, waarna die Bestuur moet toesien dat die rekenmeester van die VERENIGING jaarliks so spoedig as moontlik na die laaste dag van Julie van elke jaar (of sodanige ander datum as wat die trustees van tyd tot tyd mag bepaal) ooreenkomstig algemeen aanvaarde rekenkundige praktyk, finansiële state van die VERENIGING laat opstel, insluitende 'n staat waarin die kapitaal van die VERENIGING uiteengesit word met alle byvoegings daartoe en alle ontvangstes en betalings deur die lede gemaak en die wyse waarop die fondse gehou, bestee en belê is, welke state aan die Bestuur voorgelê sal word vir goedkeuring.

8.3 Elke lid of sy verteenwoordiger is op versoek geregtig op 'n ware afskrif van sodanige finansiële state.

8.4 Die tesourier is verantwoordelik vir die beheer en kontrole oor die finansies van die VERENIGING, tesame met 2 (twee) ander lede van die VERENIGING.

8.5 Befondsing ooreenkomste moet deur enige twee lede van die Bestuur onderteken word.

## 9. VERGADERINGS VAN DIE BESTUUR EN BESLUITE

9.1 ‘n Bestuursvergadering word gehou soos van tyd tot tyd benodig, maar moet minstens 1 (een) keer per jaar gehou word.

9.2 Kennisgewings van Bestuursvergaderings moet ten minste 7 (sewe) dae voor die Bestuursvergadering per telefoon of elektroniese pos, deur die sekretaris/sekretaresse aan die lede van die Bestuur uitgestuur word.

9.3 ‘n Kworum vir ‘n Bestuursvergadering is ten minste 50% (vyftig persent) van die lede van die Bestuur. As daar geen kworum vir ‘n Bestuursvergadering is nie, sal die teenwoordige lede, indien die meerderheid so besluit, ‘n vergadering belê nie minder as 7 (sewe) of meer as 14 (veertien) dae na die oorspronklike datum nie en sal die lede van die Bestuur teenwoordig op die uitgestelde datum ’n kworum daarstel. Die sekretaris sal per telefoon of elektroniese pos, kennisgewings aan die lede van die Bestuur vir die uitgestelde Bestuursvergadering ten minste 3 (DRIE) dae voor die Bestuursvergadering uitstuur.

9.4 Behoudens die bepalings van hierdie grondwet, het elke lid teenwoordig op 'n vergadering van die Bestuur 1 (een) stem.

9.5 Besluite wat die Bestuur neem, geskied by wyse van 'n gewone meerderheid van stemme.

9.6 Indien 'n meerderheidstem soos bedoel in 9.5 nie verkry kan word nie, of 'n dooie punt of dispuut tussen die lede ontstaan, kan die aangeleentheid vir beslissing verwys word na Agri NW en indien Agri NW nie tot ’n besluit kan kom of nie ’n besluit wil neem nie, kan die aangeleentheid deur Agri NW vir beslissing of mediasie verwys word.

9.7 Agri NW of persoon/e bedoel in 9.6 wat oor die aangeleentheid moet beslis of medieer, bepaal self die prosedure wat gevolg sal word en ‘n beslissing is finaal en bindend op die lede.

9.8 Volledige notule van elke Bestuursvergadering sal gehou word.

9.9 'n Besluit wat op skrif gestel en deur al die lede van die Bestuur onderteken is, het dieselfde regskrag as 'n besluit wat op 'n Bestuursvergadering geneem is.

## 10. GEWONE LEDEVERGADERING

10.1 Gewone Ledevergaderings sal na behoefte gehou word om behoorlike kommunikasie en bestuur te verseker en sal deur die voorsitter, of in sy afwesigheid die onder-voorsitter, vir die bespreking van spesifieke aangeleenthede belê word.

10.2 Kennisgewings van Gewone Ledevergaderings moet ten minste 7 (sewe) dae voor die Gewone Ledevergadering per telefoon of elektroniese pos, deur die tesourier/sekretaris aan die lede van die VERENIGING uitgestuur word.

10.3.1 ‘n Kworum vir ‘n gewone vergadering sal bestaan uit 25% (vyf en twintig persent) van die lede van die VERENIGING, met dien verstande dat ‘n kworum van die Bestuur teenwoordig moet wees.

10.3.2 As daar geen kworum vir 'n vergadering is nie, sal die teenwoordige lede, indien die meerderheid so besluit, 'n vergadering belê nie minder as 14 (veertien) dae of meer as 30 (dertig) dae na die oorspronklike datum nie.

10.3.3 Behoorlike kennis van die vergadering moet aan alle lede gegee word en hulle verwittig word dat vir daardie vergadering die teenwoordige lede 'n kworum sal vorm.

10.3.4 Indien behoorlike kennisgewing gegee is, sal geen lid die feit dat hy nie kennis gekry het nie, kan aanvoer as verskoning vir afwesigheid nie.

10.4 Besluite wat die Gewone Ledevergadering neem, geskied by wyse van 'n gewone meerderheid van stemme en indien so 'n meerderheidstem nie verkry kan word nie of 'n dooie punt word bereik, sal die Voorsitter se stem beslissend wees.

10.5 Volledige notule van elke Gewone Ledevergadering sal gehou word.

**11. ALGEMENE JAARVERGADERING**

11.1 'n Algemene Jaarvergadering van die lede van die VERENIGING moet een keer per kalenderjaar gehou word, waartydens die volgende bespreek en besluite oor geneem mag word:

11.1.1 Items op die agenda.

11.1.2 Presensie.

11.1.3 Vorige vergaderings se notule.

11.1.4 Voorsittersverslag.

11.1.5 Tesouriersverslag en finansiële state.

11.1.6 Begroting van die volgende jaar.

11.1.7 Moontlike voorstelle rakende wysigings aan die grondwet.

11.1.8 Verkiesing van nuwe ampsdraers en Bestuur.

11.1.9 Algemeen.

11.1.10 Afsluiting van die vergadering.

11.2 ‘n Kworum vir ‘n algemene jaarvergadering sal bestaan uit 25% (vyf en twintig persent) van die lede van die VERENIGING, met dien verstande dat ‘n kworum van die Bestuur teenwoordig moet wees.

11.3 Besluite wat die Algemene Jaarvergadering neem, geskied by wyse van 'n gewone meerderheid van stemme van lede teenwoordig by die vergadering.

11.4 Volledige notule van elke Algemene Jaarvergadering sal gehou word.

**12. SPESIALE VERGADERINGS**

12.1 Spesiale vergaderings kan deur die voorsitter, of in sy afwesigheid die onder-voorsitter, vir die bespreking van spesifieke aangeleenthede belê word.

12.2 Die voorsitter, of in sy afwesigheid die onder-voorsitter, moet 'n Spesiale vergadering belê op skriftelike versoek van ten minste vyf lede van die VERENIGING, wat in die versoek die rede vir die vergadering moet meld.

12.3 Kennisgewings van Spesiale vergaderings moet ten minste 10 (TIEN) dae voor die Spesiale vergadering op skrif waarby elektroniese versending ingesluit deur die tesourier /sekretaris aan die lede van die VERENIGING uitgestuur word en die rede vir die Spesiale vergadering meld.

12.4 Slegs die aangeleenthede gemeld in die kennisgewing van die Spesiale vergadering, soos bedoel in 12.3, mag tydens daardie Spesiale vergadering bespreek word.

12.5 ‘n Kworum vir ‘n Spesiale vergadering sal bestaan uit 25% (VYF EN TWINTIG PERSENT) van die lede van die VERENIGING, met dien verstande dat ‘n kworum van die Bestuur teenwoordig moet wees.

12.6 Besluite wat die Spesiale vergadering neem, geskied by wyse van 'n gewone meerderheid van stemme.

12.7 Volledige notule van elke Spesiale vergadering sal gehou word.

## 13. BEëINDIGING VAN AMP VAN BESTUURSLID

13.1 Die amp van 'n ampsdraer sal *ipso facto* beëindig en van kant wees -

13.1.1 indien die ampsdraer skriftelik bedank; of

13.1.2 indien die ampsdraer deur 'n bevoegde hof geestesongesteld verklaar word of onbevoeg verklaar word om sy eie sake te behartig of indien hy uit hoofde van enige wet aangehou word as 'n pasiënt in 'n inrigting of as 'n Presidentspasiënt; of

13.1.3 indien die ampsdraer te sterwe kom; of

13.1.4 indien hy ingevolge die bepalings van die Maatskappywet, No 71 van 2008, soos gewysig, onbevoeg word om as direkteur van 'n maatskappy op te tree; of

13.1.5 indien hy sonder verskoning van die Bestuur van 3 (DRIE) agtereenvolgende vergaderings afwesig is; of

13.1.6 indien hy deur enige bevoegde hof skuldig bevind word aan enige misdaad waarvan oneerlikheid 'n element is of hy deur enige hof vir enige misdaad gevonnis word tot gevangenisstraf sonder keuse van 'n boete; of

13.1.7 indien sy boedel gesekwestreer word of hy sy boedel vrywillig insolvent laat verklaar; of

13.1.8 indien sy lidmaatskap aan die VERENIGING kragtens 4.3 beëindig is; of

13.1.9 indien die lede van die VERENIGING tydens ‘n ledevergadering so ‘n besluit neem deur middel van meerderheidstem van twee derdes van die lede teenwoordig op so ‘n vergadering.

## 14. PERSOONLIKE AANSPREEKLIKHEID VAN LEDE

14.1 ‘n Lid is nie persoonlik aanspreeklik vir enige verlies wat die VERENIGING mag ly nie, ongeag die rede daarvoor, tensy dit ontstaan uit ‘n versuim om die mate van sorgsaamheid, ywer en kundigheid aan die dag te lê wat redelikerwys verwag kan word van ‘n persoon wat die sake van ‘n ander hanteer.

14.2 ‘n Lid is nie vir ‘n oneerlike handeling van ‘n medelid aanspreeklik nie, tensy daar samespanning tussen hulle was.

## 15. SKEIBAARHEID EN DEELBAARHEID

Die bepalings van hierdie grondwet is skeibaar en deelbaar en indien enige deel daarvan onafdwingbaar is, word dit geag *pro non scripto* te wees.

## 16. WYSIGING VAN GRONDWET

16.1 Die Algemene Jaarvergadering mag hierdie grondwet van tyd tot tyd by wyse van ‘n besluit wysig: Met dien verstande dat daar aan die volgende vereistes voldoen moet word vir enige wysiging om van krag te wees –

16.1.1 ‘n twee-derde meerderheid van die aanwesige lede van die Algemene Jaarvergadering, nadat alle lede minstens 21 (een en twintig) dae vooraf van die beoogde wysiging in kennis gestel is, ten gunste van sodanige wysiging gestem het;

16.1.2 die wysiging skriftelik is;

16.1.3 die Kommissaris van Binnelandse Inkomste se klousules wat betrekking het op belastingpligtigheid ingevolge die Inkomstebelastingwet, indien vereis deur die Inkomstebelastingwet, sodanige klousules goedkeur.

16.1.4 die Dagbestuur van Agri NW dit in ooreenstemming met die Agri NW Grondwet goedkeur.

16.2 Die Dagbestuur van Agri NW sal die reg hê om hierdie grondwet te wysig by wyse van ’n skriftelike kennisgewing aan die VERENIGING ten einde dit versoenbaar te maak met die Grondwet van Agri NW, soos dit van tyd tot tyd gewysig word, en sal so ’n wysiging geag word van krag te wees met effek vanaf 21 (EEN EN TWINTIG) dae vanaf die datum van die skriftelike kennisgewing bedoel in hierdie klousule Dit geskied met dien verstande dat sodanige wysiging moet voldoen aan die vereistes van 16.1.2 tot 16.1.4.

## 17. ONTBINDING

17.1 ’n Spesiale Vergadering mag by besluit die VERENIGING ontbind: Met dien verstande –

17.1.1 dat minstens 30 (DERTIG) dae voor die datum van die vergadering wat vir die ontbinding beoog word, kennis van die voorstel van ontbinding aan alle lede van die VERENIGING gegee word;

17.1.2 dat minstens twee-derdes van die persone teenwoordig by die vergadering ten gunste van die voorstel stem;

17.1.3 dat alle skulde van die VERENIGING vereffen word;

17.1.4 dat, na vereffening van die VERENIGING se skulde, die fondse wat oorbly aan ‘n ander maatskappy, vereniging, instellings of verenigings wat soortgelyke doelstellings as die doelstellings van die VERENIGING het, gegee of oorgemaak word,

wat voor of met ontbinding deur Agri NW bepaal word, of by ontstentenis van sodanige bepaling, deur die hof, met dien verstande dat dit ‘n openbare weldaads-organisasie is, soos bedoel in artikel 30 van die Inkomstebelastingwet, vrygestel is van inkomstebelasting volgens artikel 10(1)(cN) van die Inkomstebelastingwet, en geregistreer is as ‘n organisasie sonder winsoogmerke ingevolge die Wet op Organisasies sonder Winsoogmerk.

17.2.1 Indien die VERENIGING ophou om te funksioneer of as die VERENIGING minder as 10 (TIEN) vol opbetaalde lede het, moet die laaste gemagtigde ampsdraer Agri NW in kennis stel.

17.2.2 Agri NW sal dan ‘n poging aanwend om die VERENIGING te laat herlewe om die nodige besluite te neem, en indien daar nie daarin geslaag word nie, die bates in trust oorneem en daarmee te handel ooreenkomstig die doelstellings van hierdie grondwet.

**Hierdie grondwet van Agri ................................................................ is aangeneem en onderteken op**

**............................................................ te ........................................................... en vervang enige ander**

**vorige grondwet of wysiging aangebring.**

**...............................................................** **.........................................**
**VOORSITTER** **DATUM**

**...............................................................** **........................................**
**ONDER-VOORSITTER** **DATUM**

**...............................................................** **........................................**
**TESOURIER** **DATUM**

**...............................................................** **........................................**
**SEKRETARIS/SEKRETARESSE** **DATUM**

**...............................................................** **........................................**
**ADDISIONELE LID** **DATUM**

**...............................................................** **........................................**
**ADDISIONELE LID** **DATUM**

**...............................................................** **........................................**
**ADDISIONELE LID** **DATUM**

.................................................................                    ..........................................
DATUM

.................................................................                    ..........................................
DATUM

.................................................................                    ..........................................
DATUM

**2022-02-02**
**MY DOCUMENTS/GRONDWETTE LBV/GRONDWET AGRI NW LV 2022 – GEWYSIGDE KIONSEP – 2 FEBRUARIE 2022 FRIK (003)**